# KARNAVAL KOERANT

## KARNAVAL DOELEINDES

Die primêre doel van die Universiteit van Stellenbosch se Karnavalkomitee is om maksimum finansieële hulp aan USKOR te verleen . USKOR is 'n welsynsorganisasie wat die opheffing van die minderbervoorregtes in ons gemeenskap bewerkstellig.

Die volgende sekondêre mikpunte is geïdentifiseer:

1. Om by te dra tot die bevordering van die student se sosiale lewe.
2. Om die Stellenbosch gemeenskap ,insluitend studente,te betrek by ons fondsinsameling .
3. Die geleentheid vir komiteelede om waardevolle ondervinding op te doen.

## CARNIVAL MISSION

The primary objective of the Stellenbosch Carnival Committee is to provide maximum financial support for USKOR, and thereby the upliftment of the underprivileged in our community.

To that end we have sited the following secondary objectives:

1.contribute to the students social life.

2.involve the Stellenbosch and student community in our fundraising efforts.


3.reward committee members with invaluable experience.

## USKOR

During the sixties concerned medical students of the University started a clinic service for the less privileged . Today USKOR (University of Stellenbosch Clinics Orginisation) involves more than 1000 students and University personnel in community projects .


USKOR's aim is to empower individuals and communities in need of help with knowlege ,attitudes and skill in order to promote self help and to discourage dependency .

USKOR provides essential health services, education and social work to the Scottsdene, Stellenbosch and Cloetesville area .



## KARNAVAL



Verlede jaar is R226 000 deur Karnaval ingesamel en aan USKOR oorhandig.

Die Karnaval het in 1953 ontstaan toe 'n vlotoptog rondom die Coetzenburg sporterrein R6000 ingesamel het.

Karnaval het oor die jare gegroei en bestaan tans uit ses en twintig portefeuljes, waaronder die tradisionele vlotoptog, Mej Matieland, Karnavalbal ,Vensterversierings ens.

Die komitee bestaan uit 'n voltydse skakelbeampte, twee mede - voorsitters, 'n uitvoerende komitee van nege en 'n algemene komitee van vyftig. Hulle werk saam met die koshuiskomitees om die karnaval te organiseer.

Die Karnaval tema hierdie jaar is Matie Metamorfose .

Sommige van ons Karnaval ampsdraers het oor die jare baie goed gevaar: Prof Christo Viljoen (Voorsitter van die SAUK en Dekaan van die Ingenieurs- fakultieit), Adv Christo Wiese (Voorsitter van Pepkor) Mnr Piet Lombaard (Voorsitter van Die Kankervereniging).

Die Karnavalkomitee wens alle studente, dosente en ander Stellenbossers 'n Karnaval vol pret .

## BUDDY

Buddy is a competition between Universities in South Africa, to raise student awareness about the dangers of drinking and driving.

Busses coming back from Karnaval events (will leave from the venue), costs R1.00. At the venue: keyboard (we keep your keys and when you leave, you can decide for youself if you want to drive home, or rather take the bus).

Posters advising against drinking and driving.

## NASIONALE JOOL

Die Nasionale Joolliggaam, saamgestel uit 12 Suid - Afrikaanse universiteite, streef daarna om die beeld van Jool te verbeter.

Nasionale Jool het tot stand gekom in 1981 en is die skakelliggaam vir die individuele Jool Komitees. Nasionale Jool samel nie self fondse in nie, maar dit gee die onderskeie kampusse die geleentheid om saam te kom en idees oor fondsinsameling, motivering en gemeenskaps -diensprojekte uit te ruil.

'n Matie, Quintin Lewarne, is hierdie jaar tot onder-voorsitter van Nasionale Jool verkies.

Die "Buddy"- veldtog, wat die gevare van drink - en - bestuur beklemtoon, is op 'n landwye vlak deur Nasionale Jool gereël.

Daar word altesaam meer as R3 Miljoen rand jaarliks deur Nasionale Jool ingesamel.

# KARNAVAL ROOSTER 1993

**VRYDAG 5 FEB**

Akkerjol verkope R4 elk

**Boland Bank Atletiek byeenkoms**

Plek Coetzenberg sportsstadium
Tyd 19:00 tot 21:30
Toegangsgeld R2 (Beskikbaar by jou koshuis)

**SATERDAY 6 FEB**

Akkerjol verkope R4 elk

**DINSDAY 9**

**Carling Black Label Bierfees**


Plek Stadsaal
Tyd 20:00 tot laat

Billike pryse

**DONDERDAG 11 FEB**

**Vensterversierings**

Begin 20:00
by aangetoonde koshuise



| Koshuispaar | Tema |
|---|---|
| - Huis Marais & Huis Ten Bosch | Awakenings |
| - Libertas & Minerva | Enkel...knie..dy.. Metamorfose? |
| - Eendrag & Sonop | van Toeka tot Nou |
| - Akademie & Serruria | Alice in Matieland |
| - Heldeberg & Heemstede | Legende v Helderstede |
| - Hombre & Monica | Matie fabriek |
| - Dagbreek & Lydia | Pinoccio word in Matie |
| - Simonsberg & Huis Neethling | The changes in Stellenbosch |
| - Elsenburg & Harmonie | The long winding road |
| - Majuba & Nemesia | Dagbreek van 'n Akkerboom |
| Helshoogte & Nerina | Big Blue |
| - Wilgenhof & Huis Div. | Willie & Divvie se reis na die Maan |
| - Huis Visser & Irene | Back to the future |
| - Oude Molen & Erica | The Party |

**VRYDAG 12 FEB**

**Kermis**

Plek Grasperk agter Minerva, langs Nerina
Tyd 12:00 tot 16:00
Geen toegangsgeld

*Vloeimark, musiek, vrek baie om te eet, "volley ball" kompetisie, ens.*


**Vlotbou**

By die koshuise, gedurend die aand


**SATERDAG, 13 FEB**

**Vlotoptog**

Vlotte kom bymekaar 7:00
Eerste beoordeling 8:45
optog begin 10:00
volg die getoonde roete




| Koshuispaar | Tema |
|---|---|
| - Erica en Oude Molen | The first Matie on the Moon |
| - Huis Visser en Irene | Tydhuisie |
| - Wilgenhof en Huis Div. | Barcelona |
| - Pieke en Aristea en Go;dfields | The legend lives on |
| - Helshoogte en Nerina | Big Blue |
| - Majuba en Nemesia | Aspoestertjie |
| - Simonsberg en Huis Neethling | Developement |
| - Elsenburg en Harmonie | Variation in time |
| - Aurora | Vervoer Metamorfose |
| - Dagbreek en Lydia | Rektor-morfose |
| - Hombré en Heemstede | "Cocoon" |
| - Helderberg en Heemstede | From a stone to a chip |
| - Akademie en Serruria | Alice through the looking glass |
| - Eendrag en Sonop | Van groentjie tot deskundige |
| - Minerva en Libertas | Sport-Sirkulasie by die Matie-Nasie |
| - Huis Francie en Hippokrates | Medies Magic |
| - Boschmarais | Tuisnywerheid |




*Die Karnavalpartytjie (SAT, 13 FEB)*
*KOM KOOK IN DIE COND!*

Plek Die Corobrik fabriek
Tyd 14:00 tot laat
*Die jol van die jaar:*
Bier en musiek

**DINSDAG 16 FEB**

**Carling Black Label bierfees**

Plek Stadsaal
Tyd 20:00 tot 21:30
Billike pryse

**VRYDAG 19 FEB**

**Ohlsson's Fun Relay**

Plek Coetzenberg stadium
Tyd 16:00
Inskryfgeld R20 per span
Elke spanlid (4 in 'n span) hardloop 2 km

**SATERDAG 20 FEB**

**Karnavalbal**

Plek Stadsaal
Tyd 19:00 vir 19:30
Drag Formeel Wit en Swart
Tema Wit en Swart
Orkes Shiraz
Kaartjies R80 per paar beskikbaar by die Karnaval kantoor

**WOENSDAG 24 FEB**

**Mej Matieland Modeperade**

Plek Stadsaal
Tyd 20:00
Mnr Matieland word ook gekies

**SATERDAG 6 MAART**

**Mej Matieland Kroningsbal**

Plek Lanzerac
Kaartjies te koop by die Karnaval kantoor

**VRYDAG 14 MEI**

**Visiekanseliersbal**


Pick 'n Pay BRACKENFELL TEL. 9817131
hyper

Sien jou daar!
VIR DIE BESTE BOEREWORS ROLLS
KOM BESOEK ONS BY IRENE
Boerewors - Russians - Hotdogs
(Alles met rolls en uie)

FOTO STUDIO LOCKLEY
Cor Langeberg
Vir die beste fotografie in Stellenbosch
U.S. se amptelike fotograaf
Pleinstraat 21 (langs Saambou)
Tel: (02231) 83-3131

Portofino
The best Italian ice-cream made from the finest imported ingredients.
30 - Flavours
Full cream & sorbet ice-cream
DISCOUNT FOR GROUPS
Open 7 days a week from 10h00 a.m. - 10h30 p.m.
ANDRINGA STREET
TEL: 02231 -4443

KARNAVAL T-HEMDE
R22,00
karnavalkantoor & loopgang

# Geniet die Ligte Amerikaner... met smaak!

VRA VIR

# JOHN ROLFE LIGHTS




Geniet John Rolfe Lights vandag

## Ligte Smaakvolle Tabak

EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. In Suid-Afrika vervaardig.

# Die Matie

SELFSTANDIGE MONDSTUK VAN STELLENBOSSE STUDENTE SEDERT 1941

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI



Wat mag en wat nie in doop bl 2


SENIORS en onkruid

# Subsidies drasties besnoei

Deur MARIUS DE JAGER

DIE staat sal vanjaar slegs 51 persent van die Universiteit van Stellenbosch se kostes dek in teenstelling met die 80 persent van vorige jare. Die toegekende subsidie is steeds onderworpe aan finale goedkeuring. Teen die einde van verlede jaar was die universiteitsowerhede steeds in die duister aangaande die omvang van die staatsubsidie en is die staat gekritiseer omdat universiteite nie vooruit kon beplan nie.

Volgens die direkteur van Finansies en Dienste, mnr AJ van Tonder, is die toegekende subsidie aansienlik kleiner as dié van 1992. Een rede hiervoor is dat die regering nie in staat is om die gebruiklike subsidie van 80 persent te voorsien nie. Verder vind die toekenning van staatsfondse nou op 'n gelyke basis plaas deurdat alle universiteite ewe veel bystand ontvang.

As gevolg van 'n tekort aan fondse besnoei die staat elke jaar die universiteitsubsidie. Vanjaar is dit in só 'n mate besnoei dat die universiteit 49 persent van al die universiteitskostes self moet dek; in plaas van die gebruiklike twintig persent.

"Dit plaas die universiteit natuurlik onder groot druk, want nou moet ons op die inkomste wat klasgelde inbring staatmaak. Aangesien ons die subsidie eers in April ontvang, skep dit verder probleme om onkostes wat reeds aan die begin van die jaar aangegaan is, te dek," het mnr Van Tonder gesê.

Die verhoogde klas- en registrasiegelde is 'n poging om die bogenoemde kontantvloeiprobleem aan te spreek. Registrasiegeld is vanjaar vermeerder vanaf R400 na R1150 en R2150 vir onderskeidelik privaatstudente en studente wat van universiteitsbehuising gebruik maak. Daar word nou 'n deposito van R1000 vir beide klasgeld en losiesgeld gehef by registrasie. Volgens mnr Van Tonder is dit selfs met die nuwe maatreëls nie moontlik om alles te dek nie. "As dit nie was vir die inkomste afkomstig van bykomende rente nie, sou die klasgelde met 'n verdere 2 persent gestyg het," het mnr Van Tonder gesê.

Mnr van Tonder is verder van mening dat dit op hierdie stadium onmoontlik is om te bepaal of die styging in universiteitskostes die studentegetalle beïnvloed het al dan nie. Dit kan eers bepaal word nadat almal geregistreer het. "As 'n mens kyk na die aantal eerstejaars op kampus lyk dit egter nie asof die verhoogde kostes 'n invloed uitgeoefen het nie," het hy bygevoeg.



Foto: PIETER MALAN

Ongeveer 3000 eerstejaarstudente het hulle vanjaar by die universiteit ingeskryf. Hierdie twee eerstejaars van Nerina het hul koshuis geesdriftig ondersteun by die eerstejaarswemgala wat Dinsdag by die Coetzenburgswembad gehou is. Sien ook berig op bl 11.

# Vol program vir Karnaval

Deur MARELIZE GÖRGENS

DIE jaarlikse Maties Karnavalweek begin vanjaar die vyfde Februarie ná maande van beplanning deur 1993 se Karnavalkomitee. Die verrigtinge skop af met die verkoop van die joolblad, die Akkerjol, deur eerstejaarstudente. Alle fondse wat ingesamel word, word aan die Universiteit van Stellenbosch Klinieke Organisasie (USKOR) oorhandig wat dit vir gemeenskapsontwikkeling in plaaslike areas aanwend.

Die karnavaltema vir 1993 is "Matie Metamorfose". Al die mans- en vrouekoshuise is in koshuispare opgedeel wat gedurende die volgende twee weke teen mekaar meeding om Smoegpunte vir die Smoegtrofee. Geleenthede waar punte ingesamel kan word, is onder andere vlotbou en vensterversierings.

Die volledige Karnavalprogram is as volg:

Op 5 en 6 Februarie vind die Akkerjolverkope plaas. Die eerstejaars verkoop sowat 18 000 Akkerjolle dwarsoor die hele Skiereiland, van Saldanha tot die middestad van Kaapstad.

Op 8 Februarie vind die Boland Bank atletiekbyeenkoms plaas. Die hekgelde van hierdie sportbyeenkoms op Coetzenburg word ook aan USKOR geskenk.

Op 9 Februarie is daar 'n Karnavalfuif in die Stadsaal. Tydens hierdie bierfees sal The Streaks, wat tans by die Waterfront optree, musiek verskaf.

Vensterversierings sal op 11 Februarie plaasvind. Die koshuispare ding mee vir Smoegpunte deur die koshuise se vensters te versier en die hele Donderdagaand vertonings te hou.

Op 12 Februarie word die Karnavalkermis gehou. Dié kermis is op die grasperk voor Nerina-koshuis en bied, behalwe die vlooimarkstalletjies in Groentemarkplein-styl, ook kosstalletjies en speletjies aan. Vanaf 11h00 is daar 'n vlugbalkompetisie aan die gang.

Op 13 Februarie vind die Vlotoptog plaas in die strate van Stellenbosch terwyl daar op 16 Februarie weer 'n karnavalfuif in die Stadsaal is.

Op 19 Februarie is daar die Ohlsson's Pretaflos wat 'n spesiale kategorie (strokiesprentkarakters) vir die minder ernstige drawwers insluit.

Die Karnavalbal word op 20 Februarie aangebied. Die tema van die aand is "Wit en Swart" en kaartjies is beskikbaar by die Karnavalkantoor. Die wenners van die Smoegtrofee sal ook hier aangekondig word.

Op 24 Februarie word die Me Matieland modevertoning aangebied. Benewens die modevertoning, wat in die Stadsaal plaasvind, sal daar ook 'n Mnr Matieland aangewys word. Hy sal beoordeel word op grond van die applous wat hy van die toeskouers ontvang.

Op 6 Maart is die Me Matieland Kroningsbal. Hierdie glansryke plegtigheid vind by die Lanzerac Hotel plaas en sluit 'n jaar van fondsinsameling vir die finaliste af. Elke finalis moes ten minste R3000 vir USKOR insamel om te kon kwalifiseer.

# Junior lektor reken af met aanvaller

Deur MARIUS DE JAGER

'n JUNIOR lektor verbonde aan die regsfakulteit is op die aand van 2 Desember verlede jaar bykans op haar eie drumpel aangeval, maar het daarin geslaag om die aanvaller sélf te verjaag.

Sy het teen 22:20 by haar woonstel aangekom en 'n jong man sien naderkom. "Ek is nie van nature agterdogtig nie en aangesien hy nie skelm gelyk het nie, het ek nie reageer nie. Dit was eers toe hy verbygestap het en my van agter gegryp het met sy hand oor my mond, dat ek my yskoud geskrik het. Dít was sy fout, want ek raak van kleins af baie benoud as iemand my mond toedruk en ek het toe sy hand flenters gebyt," het sy gesê.

Die aanvaller het haar daarop aan haar hare vasgegryp en haar in die gesig geslaan. Sy het begin gil en hom probeer wegstamp, maar hy het aangehou om haar te slaan. Sy het die houe met haar arms afgeweer en op haar beurt na hom geslaan, deur gebruik te maak van selfverdedigingstegnieke waarin sy vantevore opleiding ontvang het. Na 'n oor- en weer verwisseling van houe het hy weggehardloop, waarop sy haar woonstel binnegegaan het en vriende geskakel het. Dié het die polisie geskakel, wat slegs 6 minute na afloop van die aanranding op die toneel was.

Die aanvaller kon egter nie opgespoor word nie en word steeds deur die polisie gesoek.

Sy is nie ernstig beseer tydens die aanval nie, maar het wel 'n blou-oog gekry asook heelwat kneusplekke op haar ribbes en arms.

# Fietsryers vasgevat

Deur SYBRANDUS ADEMA

FIETSRYERS wat na willekeur verkeersreëls verontagsaam, gaan vanjaar ernstig vasgevat word. Dit is die boodskap van Stellenbosch se verkeersuperintendent, mnr Hans Groenewald, na aanleiding van talle klagtes wat deur die verkeersdepartement ontvang is. Om' dié rede word daar vanjaar 'n intensiewe veldtog geloods om fietsoortredings te bestry.

Volgens mnr Groenewald het hulle heelwat klagtes ontvang dat studente met hul fietse op sypaadjies ry en soggens en saans in groepe op die hoofpaaie ry. Naas die feit dat hulle langs mekaar ry, ignoreer hulle klaarblyklik ook verkeersligte en padreëls.

Mnr Groenewald het daarop gewys dat dit 'n oortreding is om op sypaadjies te ry, soos veral in die middedorp plaasvind. 'n Ander probleem wat ook met fietsryers ondervind word is dat hulle snags sonder ligte rondry.

Hy het gewaarsku dat voorgekeerde persone wat nie hul regte besonderhede verstrek nie, by die polisie aangekla sal word en selfs gedagvaar sal word om in die hof te verskyn. Die minimum boetes vir fietsoortredings sal R30 wees.


Menings oor Stellenbosch bl 7





Veilige seks bl 9





## Man val by Hombré

'n ELSENBURGSE student is Dinsdagaand beseer nadat hy vanaf die eerste verdieping van die manskoshuis, Hombré, geval het.

Die ongeluk het plaasgevind toe die eerstejaarstudent van Elsenburg landboukollege na bewering gepoog het om 'n vlag van Hombré se balkon te steel. Hy het klaarblyklik op 'n klomp los bakstene gegly en op die sypaadjie geval. Teen druktyd was dit nog onbekend hoe ernstig die student se beserings is.


Slaag so jou eerstejaar bl 4





Watersport bl 11




# Doop: jy mag kla

**Oriëntering of verwelkoming is ideaal iets wat eerstejaars help met die moeilike proses van aanpassing. In die verlede was wanpraktyke egter aan die orde van die dag, en SUE BLAINE en PHILLIPPA BARNARD het ondersoek gaan instel na die regte van eerstejaars.**



Foto: PIETER MALAN

DIE Universiteitsraad het ontgroening (doop) van studente ten strengste verbied. Nogtans word eerstejaarstudente jaar na jaar deur sogenaamde "oriënteringsaktiwiteite" geteister.

Die doel van oriëntering is om studente tuis te laat voel op die kampus. In ideale oriënteringstoestande word 'n groepsgees en 'n positiewe gesindheid gevestig.

Hierdie positiewe doelstellings is egter is die verlede dikwels ondermyn deur vernederende en sinnelose praktyke. Dit is om hierdie rede wat die Universiteitsraad 'n stel reëls vir oriëntering opgestel het.

Slegs die **HK en die prinsipale** of inwonende hoof van 'n koshuis is gemagtig om verwelkomingsaktiwiteite te reël.

Verder mag die eerstejaars slegs in die **eerste week** van die akademiese jaar verwelkom word. Daarna moet alle verwelkoming gestaak word.

Die week wat die studente vroeër op Stellenbosch moet wees, moet uitsluitlik vir die **program** in die studentegids gebruik word. Dit mag net gebruik word om eerstejaars met **aanpassing** te help. **Indien daar ander aktiwiteite plaasvind, is dit teen die universiteit se reëls.** Oortreders (ook as hulle gesagsfigure soos HK-lede is) sal **getug** word as hulle aangemeld word.

Verwelkoming, soos die woord sê, moet gebruik word om studente welkom dit laat voel. Dit moet nie 'n poging wees om 'n mens se **selfbeeld af te kraak** nie. Daarom word die volgende prosedures ten strengste verbied:

- enige vorm van **fisiese kontak**
- enige vorm van **liggaamlike oefening**
- enige vorm van **persoonlike diens** aan senior studente
- die oortrek van **slope** of **sakke** oor studente se koppe
- enige vorm van **modderbad**
- die **ingee** of toedien van enige **middel**, insluitende water
- die **aansmeer** van enige middel aan studente se liggame
- die steur van studente in hulle **nagrus**
- die wegvoer of **uitneem** van nuwelinge gedurende die **nag**.

Sinvolle verwelkomingsprogramme kan 'n bydrae lewer tot koshuis- en universiteitslewe op Stellenbosch. Onoordeelkundige optredes, vernederende prosedures en intimidasie kan liggaamlike en geestelike skade berokken wat 'n student se akademiese vordering nadelig kan beïnvloed.

Moenie twyfel om enige persone wat oriënteringsreëls oortree aan te meld nie. Studente wat, individueel of in groepe, besluite van die Raad in hierdie verband oortree, kan onmiddellik aan die universiteit gerapporteer word. Hulle kan ernstige strawwe opgelê word, moontlik selfs skorsing uit die universiteit.

Studente wat probleme ondervind kan by die volgende nommers klagtes gaan lê:

**Prof Flip de Wet, Direkteur: Studentesake: 772487**
**André van der Spuy, SR-voorsitter: 772491/2**
**Die Matie 5979/72332**

Alle klagtes sal ernstig opgeneem en vertroulik hanteer word.

# Seksuele teistering kán met 'nee' stop

Deur PHILLIPPA BARNARD

IN 1992 is die Loodskomitee vir Ondersoek na Seksuele Teistering (Lost) op Stellenbosch gestig. Soos hulle naam aandui, stel die komitee ondersoek in na die voorkoms van seksuele teistering op Stellenbosch. Hulle poog ook verder om mense van hulle regte ten opsigte hiervan bewus te maak.

Seksuele teistering is enige onwelkome seksuele optrede deur 'n ander persoon. In die meeste gevalle is vrouens die slagoffers van seksuele teistering, maar mans kan ook geteister word.

Die gereg tree hoofsaaklik teen die ernstiger vorms van seksuele teistering op, soos in die geval van verkragting en ontbloting. Nogtans is dit elke persoon se reg om ook nie aan die ander vorms daarvan onderwerp te word nie.

Sê eenvoudig nee. Geen man het die reg om 'n vrou as 'n seksuele voorwerp te behandel nie. Net soos mans, kan vroue die keuse maak of hulle enige vorm van seksuele kontak wil hê. Vroue het altyd die reg om nee te sê

al het hy vir jou aandete betaal
- al het jy reeds toenadering aangemoedig
- al is of was hy jou ou
- al is jy, volgens hom, sexy aangetrek
- al is daar alkohol betrokke
- al is die persoon in 'n gesagsposisie.

Vrouens het ook 'n verantwoordelikheid met hulle optrede teenoor mans. Om 'n duidelike boodskap oor te dra, moet vrouens sê wat hulle bedoel. As 'n vrou se 'nee' eintlik 'miskien', 'probeer harder' of eintlik 'ja' beteken, is dit vir die man verwarrend.

Mans het ook 'n groot verantwoordelik in die voorkoming van seksuele teistering. Hulle moet besef dat hulle nie daarop geregtig is om enige seksuele toenadering op 'n ander persoon af te dwing nie. Dit geld selfs

- al het jy vir haar aandete betaal
- al is die man of die vrou onder die invloed van drank
- al dink die man dat die vrou uitlokkend aangetrek is
- al loop haar reputasie haar myle vooruit
- al het sy toegestem tot 'n warm vryery
- al is, of was sy jou meisie.

Hoewel dit nie as 'n vaste reël geld nie, waardeer die meeste vroue nie wolwefluite, aanmerkings oor hulle voorkoms, puntetoekennings, vatterigheid, of herhaalde uitnodigings as hulle duidelik nie belangstel nie.

As jy seksueel geteister word, dring daarop aan dat die persoon dadelik daarmee ophou. Dit is jou reg. Dit is nie nodig om skuldig te voel nie: dit is nie jou skuld nie.


In die geval van verkragting is dit nodig om onmiddellik hulp en ondersteuning te kry. Rape Crisis of Krisislyn kan professionele steun aan jou gee.

Lost is daar om vroue-en manstudente te beskerm. Indien enigiemand hulp nodig het, kan sy of hy die volgende persone kontak. Hulle sal jou ernstig opneem.

Krisislyn: 6153
Rape Crisis: 021-479762
Amanda Gouws: 772116
Andrienetta Kritzinger: 772097
Erica Venter: 900727

Steers
FAST FOODS
STELLENBOSCH
Steers Fast Foods welcome back all students and wish them a successful 1993!
CUT-PRICE
STUDENT SUMMER SPECIAL
JUICY STEER BURGER
plus
FAMOUS STEERS CHIPS
plus
FRESH GARDEN SALAD
All for only R7,90
BUY 2 SPECIALS AND GET 2 FREE
SOFT-SERVE ICE-CREAMS VALID TILL 26 FEB.
We also offer reduced rates for any student groups

Vir u UNIVERSITEITSBAADJIE en DAS –
kom na PIKKIE vir die billikste kopie
in die dorp
pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch
PLEINSTRAAT 61

STELLENBOSCH VRIESKAS
Distributors of / Verspreiders van
AYLESBURY PRODUCTS (PTY) LTD
AYLESBURY
ICE-CREAM • ROOMYS

TEL. 74784
OOP/OPEN Mon. – Fri./Ma. – Vr.
8:30–18:00
Sa. 7:00–13:00
WELCOME WELKOM

# Maveric's

OPEN 24h/day

1x Fillet Steak and
(Super grade 300g)

1x Giant Garlic Roll and
(New footlong cheese and garlic bread)

1x Aylesbury Ice Cream
(Toffee nut / Rum & Raisin)

Yes, I feel wonderful tonight.

For Only R17,50


Menu cost for the above items is R38,90

Fun, Good Food & Vibe



BOOK NOW. Free Dom Pedro for every person booked.

(02231) 5632




Present this voucher at Maveric's for your discount.
Valid on Fillet Special only.
Valid until 4 March 1993


Stellenbosch

DISCOUNT VOUCHER SAVE R21,95



# Edrich

*Stellenbosch*




**DEEL VAN 'N TROTSE TRADISIE VAN GEHALTE EN VRIENDELIKE DIENS TEEN BILLIKE PRYSE**

Ryneveldstraat 34, Stellenbosch, 7600
Tel: (02231) 71137 Faks: 98922

## WELKOM ALLE MATIE-STUDENTE!

***Edrich is reeds vir 47 jaar die eenstop-studentewinkel vir:***

- **KUNSMATERIALE**
  Verwe, kwaste, papier ens.
- **AFDRUKKE EN POSTERS**
  geblok, geraam, gelamineer
- **SUID-AFRIKAANSE KUNS**
  oorspronklike werke, etse, ens.
- **GESKENKE EN GESKENKBEWYSE**
  vir daardie spesiale persoon
- **GESKENKKAARTJIES- EN PAPIER**
  die wydste verskeidenheid in Stellenbosch
- **ID- EN REGISTRASIEFOTO'S**
  spesiale pakket vir studente
- **FOTO'S**
  professionele graad, ateljee-, groep-, trou- en familiefoto's
- **KAMERAS**
  nuut en tweedehands
- **FOTOGRAFIESE BENODIGDHEDE**
  fotografiese papier en chemikalieë, lense, ens.
- **1-UUR FOTOLAB**
  kits vergrotings en afdrukke
- **FOTOKOPIËRING**
  kleur en swart/wit

**Kom maak nou 'n rekening oop vir jou eie gerief**

# STUDENTE SE SPESIALIS KUNS EN FOTOGRAFIEWINKEL

# SWOT STOP



## NUWE EN GEBRUIKTE AKADEMIESE TEKSBOEKE

Boonste vloer, Bergville,
Victoriastraat
Posbus 2012,
Stellenbosch
7599

Tel 02231-76991/2
Faks 02231-70816

## VIR AANDAG: ALLE EERSTEJAAR REGS- EN HANDEL-STUDENTE

*In die huidige ekonomiese resessie is dit belangrik om u aankope teen die BILLIKSTE pryse te doen.*

*U kan blindelings u boekaankope doen OF u kan kies om werklik MINDER by SWOT STOP te betaal!*

**DIE ENIGSTE ALTENATIEF VAN BEIDE NUWE EN GEBRUIKTE BOEKE (SPESIAISEER IN REGS- EN HANDELBOEKE)**

*Kwalifisieer vir ons R500 boekaankope-prystrekking deur u voltooide aansoekvorm voor 15 Februarie aan ons te besorg!*

**OPEN VANDAG NOG 'N ORTODOKSE BESPARINGS-REKENING BY**

**SWOT STOP**

**WAAR U NIE VIR TIERLANTYNTJIES BETAAL NIE!**

# HOE EN WAAR?

## AANSOEK OM SWOT STOP REKENING TE OPEN?

1. 'n Vooruitbetaling van R100 is betaalbaar voordat 'n rekening geopen word.
2. Wanneer 'n rekening geopen is, word 'n aankoopkaart uitgereik in die naam van die rekeninghouer.
   2.1 Hierdie kaart moet getoon word elke keer wanneer aankope gedoen word.
   2.2 Klante moet voor die aanvang van die akademiese jaarvir 'n nuwe aankopekaart heraansoek doen. Geen rekeningaankope kan sonder 'n aankopekaart gedoen word nie.
3. Terme ter betaling van rekening is: 30 Dae na datum van rekeningstaat. Rente teen heersende bankoortrekkingskoers word gehef vanaf aankoopdatum op alle uitstaande bedrae ouer as 60 dae na aankoopdatum.
4. U rekenaargedrukte faktuur word per pos saam met u maandstate aan u afgestuur.

## VERKLARING:

Ek verklaar:

1. dat ek die reëls deurgelees het, dit duidelik is en die voorwaardes daarin vervat aanvaar.
2. dat die vorm korrek voltooi is en alle inligting korrek is.
3. dat ek alle rente op agterstallige rekeninge sal betaal en dat ek verantwoordelik is vir enige regskoste, insluitende opsporingsfooi, indien hierdie rekening om enige rede aan prokureurs oorhandig moet word vir invordering.

Handtekening van persoon verantwoordelik vir betaling: (Ingeval van minderjarige — ouer asb.)

......................................................................

Handtekening van student

# AANSOEKVORM

**AFDELING A:**


BESONDERHEDE VAN STUDENT

VAN ..............................
VOORNAME ..............................
ID-NR ..............................
ADRES ..............................
.............................. TEL ..............................
STUDENT BY ..............................
REG-NO ..............................
KURSUS .............................. JAAR ..............................
EK SAL MY REKENINGKAART BY SWOT STOP KOM AFHAAL .............................. JA/NEE
HANDTEKENING VAN STUDENT: ..............................

**AFDELING B:**

BESONDERHEDE VAN OUER/VOOG

TITEL .............................. VAN ..............................
VOORNAME ..............................
ID-NR ..............................
HUISADRES ..............................
.............................. TEL ..............................
POSADRES ..............................
..............................
..............................
WERKGEWER ..............................
ADRES ..............................
..............................
BANK.............................. TAK ..............................
REK-NR ..............................
VRIENDE/FAMILIE WAT NIE BY JOU INWOON NIE
NAAM ..............................
ADRES ..............................
..............................
.............................. TEL ..............................
NAAM ..............................
ADRES ..............................
.............................. TEL ..............................
HANDTEKENING VAN OUER/VOOG ..............................
DATUM ..............................



# Die Matie

Redaksionele Kommentaar

## Bevraagteken alles en almal

DIE Universiteit van Stellenbosch het met die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, veral sedert die berugte '48, 'n baie spesifieke politieke beeld verwerf. Vandag is Stellenbosch vir baie mense die kulminasie van Christelik-Nasionale onderwys, die laaste front van Afrikanerdom: die één plek waar wit Afrikaners nog hul eie mense kan oplei.

Die probleem lê natuurlik daarin dat dié opvattings nie altyd ongegrond is nie. Dit word al hoe moeiliker om om die politieke verbintenisse en wette oor Afrikaans en die alomteenwordige Broederbond te praat. Soos een van die redaksielede dit stel: Stellenbosch is die HK-sitkamer van wit Suid-Afrika.

Die goeie nuus is dat dít nie al is wat Stellenbosch beteken nie en dat dit moontlik is om jou los te maak van dié berugte tradisies: As jy dit kan regkry om die idees wat in die koshuis en die klas aan jou voorgehou word, krities te ondersoek, te besluit of dit geldig is en dan ooreenkomstig op te tree, het jy waarskynlik die ware "idee" van Stellenbosch gesnap.

Ongelukkig begin die meeste van ons met die agterstand van 'n uiters onderdrukkende onderwysstelsel met idees wat na vier dae van die sogenaamde oriëntering seker reeds luid in julle ore klink: Doen wat vir jou gesê word sonder teëpratery en moet nooit maar nooit opdragte bevraagteken nie, want vrae bedreig die sisteem.

Dit neem baie waagmoed om weg te breek van idees wat van kleins in jou keel afgedruk is, maar om ons volksvader John Vorster heeltemal buite konteks aan te haal, "the alternative is too ghastly to contemplate".

So vra vrae en dwing die outoritêres op jou pad om hul dade te verantwoord.

## Die doopmonster steeds hier

UIT verskeie gesprekke met verskrikte eerstejaars uit verskillende koshuise is dit vir ons duidelik dat die doop wat glo nie bestaan nie, steeds oral op kampus voortgaan en dat die duidelik uitgestipte reëls (sien p 2) eenvoudig geïgnoreer word.

Dit is nie eens nodig om in te gaan op die veragtelikheid van die barbaarse instelling van doop nie. Aangesien dit lyk asof die Administrasie niks meer kan of wil doen om die praktyke stop te sit nie, is die belangrikste boodskap wat ons wil oordra dat dié walglike tradisie nooit gaan ophou as julle nie daarteen optree nie.

Ons besef dat dit 'n groot risiko is om iemand te laat weet wat aan die gebeur is, maar daar bestaan kanale om mense aan te kla sonder dat jou naam genoem word. Hierdie is ook nie net leë beloftes nie: in die laaste paar jare het verskeie HK-lede voor tugkomitees verskyn en is koshuise swaar beboet.

Jy is nie meer 'n kind wat gesien en nie gehoor mag word nie. Selfs as eerstejaar het jy basiese regte waarop daar nie inbreuk gemaak mag word nie.

Mag jou tyd op Stellenbosch gelukkig en suksesvol wees.

# Geen siel in sig nie

MATIE Burger word wakker op die oggend van sy drie-en-dertigste verjaardag en kom met 'n skok tot die besef dat sy liggaam hom klaarblyklik in die loop van die nag verlaat het.

Matie Burger het net 'n kop oor. Geen skouers, geen bene, voete, arms, niks. Net 'n kop en 'n stukkie nek.

Matie kyk rond in die vertrek, aangesien dit in elk geval die enigste ding is waartoe hy in sy huidige toestand in staat is. Alles is op die oog af nog nes dit die vorige aand was toe hy gaan slaap het.

"Ek is 'n normale, doodgewone en eintlik vervelige mens. Waarom gebeur dít nou met my? En hoe is dit moontlik? Waarom slaap ek alleen?," dink Matie, wat nie eintlik vroue in sy lewe het nie.

Hy kyk na homself in die spieël teen die dak. (Miskien is Matie tog nie so vervelig as wat hy self graag dink nie...)

"Nie eers 'n baie aantreklike kop nie, maar gelukkig het ek darem nou uiteindelik 'n nut gevind vir die spieël teen die dak." (Ons moenie te veel verwag van Matie nie.)

"Kom ons kyk na die feite," dink Matie, wat darem al genoeg geleerdheid opgedoen het om te weet 'n mens moet eers oor iets nadink, al het jy klaar die oplossing.

"Ek het my kop behou. Ek lewe nog. Ek het geen pyn nie en daar is geen bloed nie. Gisteraand was alles nog aan my kop vas, nou is dit nêrens te sien nie. Ek behoort dood te wees."

Matie kyk weer rond en besluit dadelik dat hy beslis nie dood kan wees nie. Hy begin nou 'n bietjie vies word: sy hele oggendroetine is immers heeltemal versteur deur hierdie hele ding. Hy maak vir 'n oomblik sy oë toe en probeer ontspan.

"Miskien moet ek probeer om glad nie daaraan te dink nie, en my kop leegmaak van alles wat daarin is," dink Matie Burger, drie-en-dertigjarige Meestergraadstudent in Bosbou, op dieselfde oomblik dat 'n enorme ontploffing die hele wêreld ruk!

* * *

Om van "enorme", "ontploffing", "die hele wêreld" en "ruk" te praat is miskien effens oordrewe. In werklikheid het daar bloot iets soortgelyk aan 'n baie harde donderbuis langs Matie se bed afgegaan.

* * *

Matie kan niks sien deur die dik rook wat nou die vertrek vul nie. 'n Vreemde stilte hang tussen die rook in die sitkamer.

"Ek is God," sê 'n harde, oordonderende stem vanuit die rookwalms.

"Hello, ek is Matie," antwoord 'n baie dun stemmetjie. Sy poging om soos 'n lumberjack te klink faal hopeloos en hy klink meer soos die Caltex-hasie.

"Bly stil! Ek weet wie jy is."

Die rook in die vertrek begin nou dunner word en algaande kan Matie 'n enorme figuur langs sy bed begin uitmaak. Op hierdie stadium begin Matie besef dat vandag anders as ander dae gaan wees. Sy selfvertroue begin ook nou stadigaan terugkeer.

"Waar is my liggaam?," vra Matie Burger.

"Op 'n veilige plek. Moenie bekommerd wees nie," antwoord God.

Dit is ook nie die soort antwoord wat Matie verwag het nie. Hy weet eintlik glad nie wat om te verwag of wat om te sê nie.

## Perspektiewe en Dinge

Willem Kempen

"Kop hou, Matie, kop hou," dink hy by homself.

"Gister was ek nog, sover as wat ek kan onthou, 'n baie gewone mens. Ek het geen werklike vriende nie, ek bly alleen en min mense steur hulle eintlik aan my. My vorige meisie het my gelos vir 'n sekuriteitswag by die Italiaanse ambassade, ek het geen sosiale lewe nie, ek rook nie en ek drink nie. Ek is nie besig om te droom nie. Tien minute gelede word ek wakker sonder 'n liggaam aan my kop vasgemaak. Ek kan nie eers met my hande in my hare sit nie, dan daag daar nog iemand op wat sê hy is God en ek moenie bekommerd wees nie, my liggaam is op 'n veilige plek."

Op hierdie stadium begin Matie liggies te giggel. Alles is net 'n bietjie té bisar.

"Jy het sewe minute om te besluit of jy jou liggaam terug wil hê of eerder die res van die mensdom van totale uitwissing wil red," sê God, wat blykbaar lief is om soms met 'n dramatiese spreuk of twee vorendag te kom.

Matie lag nie meer nie.

"Wat?"

"Ek gaan al die mense op hierdie planeet se lewens beëindig tensy jy, Matie Burger, bereid is om vir die res van jou lewe sonder die res van jou liggaam klaar te kom. As jy jou liggaam terug wil hê, sal ek dit aan jou gee. Die res van die mensdom sal egter nie gered kan word nie."

"Maar waarom ek?" vra Matie, wat nog nooit die ambisie gehad het om op enige wyse verewig te word nie. "Dis onregverdig!"

"Nee, dit is nie. Jy is uitgekies. Aanvaar dit, en maak gou, want j het net ses minute oor."

"En as ek weier om 'n keuse uit t oefen?", vra Matie, wat maar bang i vir morele keuses in die algemeen.

"Dan sterf almal."

"Maar wat is die doel daarvan om net een mens op die hele planeet t hê. En ek is nie eers 'n Christe nie!"

"Wat is die doel daarvan om vy biljoen mense te hê?" antwoord Go wat dit nie nodig vind om die osoon laag in die gesprek in te bring nie.

"Maar ek sal heeltemal allee wees!," antwoord Matie.

"Jy is in elk geval heeltemal al leen. Boonop het jy nou net vyf mi nute oor om te besluit.

Matie Burger kan nou nie mee aan nuwe vrae dink nie. Dit gaa duidelik ook nie help om te probee speel vir tyd nie: die agterstand i eenvoudig te groot. Waarom het Go hom gekies? Hy is dan feitlik nutte loos in elke opsig. Dit maak net ni sin nie.

"Die Bybel sê dan niks hierva nie!", sê Matie triomfantlik, en din vir 'n oomblik hy het homself losge praat.

"Ja, maar dis 'n verrassing. Jy he vier minute oor."

Matie is nou werklik bekommer Dit begin lyk of die lot van die wê reld werklik op sy skouers rus.

"As almal gered word en ek kr nie my liggaam terug nie, hoe gaa ek vir myself sorg?"

"Ek sal vir jou sorg. Jy het dri minute oor."

"Maar niemand sal my glo nie!"

"Dis waar, maar ten minste sal j dan werklik goed kan voel oor jou self. En jy het net twee minute oor."

Matie begin nou regtig die res va sy liggaam mis. Dis tog snaaks ho 'n mens eers iets waardeer nadat j dit verloor het. Miskien...

"En wat van alles op die aarde Geboue, stede, paaie, brûe, motors?" vra Matie, 'n materialis tot die ein de.

"Alles bly. Net die mense sal we wees. Jy sal nooit honger of dor wees nie en jy sal rustig oud word maak nie saak wat jou besluit gaa wees nie. Jy het een minuut oor."

"Sal ek hemel toe gaan as ek my self opoffer?", vra Matie, teen die ty 'n oortuigde Christen.

"Dit gaan ook nie afhang van jou besluit nie, jy sal soos almal geoor deel word."

Matie is vir 'n oomblik stil. Da byt hy op sy tande:


"Ek wil my liggaam terug hê," s Matie Burger, en kry so sy liggaam terug op sy drie-en-dertigste ver jaardag. Op hierdie selfde dag ster elke ander man, vrou en kind op di planeet Aarde.

Behalwe vir Matie Burger. Hy he 'n rustige lewe gelei, sy liggaam ge niet, die wêreld deur gereis en elk moontlike aardse plesier op sy ei geniet. Nog 'n oorwinning vir di Gewone Mens.


HERINE'S

THE PLACE TO GO FOR DELICIOUS FOOD AT LOW STUDENT PRICES

OPEN FOR BREAKFAST, LUNCH AND TEA




VAN VELZE COFFEE HOUSE
DE SOETE INVAL

Savoury and sweet pancakes
Dressed Rolls
Salads
Cakes
Coffee and teas

Open from 9:00 – 20:00 Mondays–Fridays
02231-4842

G. van Velze
5 Ryneveld Street
Stellenbosch
7600

*Weet jy iets wat ons moet weet?*

*Bel Die Matie by 72332 of 5979*

Student's Palace



Unisex Hair Stylist

Crozierstraat Stellenbosch

Tel. (02231) 70882


*Die Matie* is die eiendom van die SR van US en word geset en gedruk deur Nasionale Media Bpk, Heerengracht 40, Kaapstad 8001.

Matie Movie Gids bl iv

DAG en NAG

4 FEBRUARIE 1993

Vind jouself op Die Bos bl iii

# Bar codes on the Bosch

By LIZA STEWART

AQUIRING decent education requires effort, money, discipline and dedication... and the best degree you'll ever receive is one in "The Good Life", a highly recommended course offered exclusively by the drinking establishments of Stellenbosch.

The course is essentially self-study and requires many hours of long, hard partying. The exams are a real headache as well. A few students of the Good Life foolishly take it as an extra subject only to discover its all-consuming nature - time, money, not to mention alcohol.

Those majoring in The Good Life find a number of sacrifices have to be made: study and academic class attendance, parting with a sizeable quantity of brain cells as well as suffering the discomfort of a mutilated liver and the embarrassment of bad breath. For those that obtain the degree Cum Laude, significant memory loss is sadly inevitable. It's not easy having a good time, you know.

Yet, despite these enormously discouraging factors, the Good Life has proved outstandingly popular amongst students and the nightly lectures - including Saturday and Sunday nights - consistently have good attendance. It also boasts the highest pass-out rate.

Now, you may feel somewhat disorientated and to cloud your mind further, there is a tour of the bars which have the best reputations for educating students in the art of professional partying.

## DE AKKER

De Akker is the archetypal bar - frequented by those who have mastered the Good Life and are busy with their PhD's. This is the bar for the matured, wisened good timers who enjoy sedately sitting back and reflecting upon themselves in one of the myriad of mirrors in the place - just reminding themselves that they are in good company, you know.

In a public place in Stellenbosch where everybody knows everybody and nobody really knows anybody, engaging in evasive action with those you are not particularly fond of is essential.

Escape is simple in De Akker. A good game of chess can ward off the plebs

If you need a smoke break, you can always take refuge in the outside area. And you can never feel claustrophobic here - even when it's crowded - because everybody is so spaced.

## FINLAY'S

Finlay's is a bar reminiscent of a minibus at peak hour - jam-packed; wildly rocking and rolling and a serious health threat to anyone in the vicinity.

When you enter Finlay's, prepare to leave looking, feeling and smelling like a crushed cigarette butt.

It has recently been discovered that the smoke screen of drinking, flirting, mini-skirting, joking and smoking - seductively of course - masks the true though often transparent intentions of the patrons. Hence the alternative spelling of Finlay's - namely Findlay's - is perhaps more appropriate.

That's not to say that finding yourself waylaid at Find-lays isn't fun. On the contrary, the music is loud, the beer is cheap - and if the company is likewise, so much the better.

## THE DROS

Originally known as The Dros, then as De Eike, then as the Dros again may indicate some instability - but the only unstable objects in the place are the tables which have to bear the brunt of the debauched pelvic thrusters, gyrating with wild abandon to the vibes of the live bands which feature at The Dros.

But if you are claustrophobic and detest dancing; if you cower at the thought of the vibrating bass of a blues band; if solid rock leaves you stone cold and if the thought of body heat gives you cold shivers, rather avoid this corner of Stellenbosch.

## YANG TZE

Yang Tze is your classic Chinese junk - tossing and turning on a heaving sea of people many of whom are afflicted with Yang (T)sea sickness.

A bachannal evening in the Chinese bar is a sweet 'n sour experience: sweet if you appreciate cheap booze; drunkards breathing down your neck; having a free butt massage at regular intervals; shouting above a cacophony of noise from the somewhat tone-deaf musician - and very, very sour if you don't.

The service isn't chop-chop either because, in true Far East fashion, the place is permanently over-populated and a long march at armpit level to the bar awaits the thirsty peasant partier.

However, despite these drawbacks, everyone seems to enjoy themselves but if this doesn't sound like your cup of mint tea, don't go to Yang Tze, my china.

## LEGENDS

The name of this bar is somewhat mystifying considering that there is nothing particularly legendary about it. Mercifully, most legends die young - and hopefully this place follows suit.


They do play some good music, though, and Tassenberg is always on sale for those masochistsic few who enjoy the legendary hangover which lives on and on and on...


## JAN KATZ

This is a bar created for the more refined student who occupies the upper social eschelons and the higher income brackets. For this reason, Jan Katz is nestled high up on the pinnacle of the hierarchy in the attic of the Stellenbosch hotel, removed from the hurly bury of the bawdy social philistines.

At such an altitude, the air thins as rapidly as your wallet while your speech thickens along with your noble blood. One speaks softly and slightly breathlessly and the Cape Flêt vowels expand and become rounded at the reduced pressure. Because of the lack of oxygen, the atmosphere is often said to be rather stuffy.

CAMELOT
COFFEE SHOP
105 Dorp Street.Stellenbosch.7600
Tel. (02231) 70786




MARAIS-PARK
SERRURIA
NEMESIA
ERICA
DANIE CRAVEN STADION
JANNIE MARAIS-SPORTKANTOOR
TRIMPARK
DAM
VOEDSELWETENSKAP
EENDRAG
PARKERING
IRENE
ROUX
HELSHOOGTE
SONOP
MC DONALD
NERINA
HOSPITAALSTR
HOSPITAAL
SOETEWEIDE
MERRIMAN
SIMONSBERG
MAJUBA
DAGBREEK
VICTORIA
WALDENHOF
HOFMEYER
HUIS NEETHLING
STUDENTE GESONDHEIDSDIENS
HEEMSTED
VAN RIEBEECK
D.F. MALAN GEDENKSENTRUM
MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE
PARKERING
COETZENBURG ATLETIEKSTADION
HUIS MACDONALD
HUIS VISSER
HUIS MARAIS
GOLDFIELDS
PERSONEEL
P.O. SAUER GEBOU
PARKERING
BOSMAN
D.F. MALAN
ANORGANIESE CHEMIE
SKEIKUNDE
SCHUMANN
VAN DER STER
H.F. VERWOERD
SIELKUNDE
VOORLIGTING
STAD
USKOR
DIE LAAN
COETZENBURG
TENNISBANE
KAMPUS BEHEER
INGENIEURSGEBOU
ELEKTRIES
ELEKTRONIES
CHEMIES
SIVIEL
MEGANIES EN BEDRYFS
INGENIEURSWESE
PARKERING
VAN DER BYL
DE BEERS
PARKERING
NEELSIE
J.S. MARAIS
CONSERVE
HUIS VILLIERS
MURRAY
COETZENBURG POSKANTOOR
NEETHLING
BEELDENDE KUNSTE
A.I. PEROLD
MERENSKY
HUISHOUDKUNDE
BOTANIESE TUIN
DIE LAAN
EERSTE-RIVIER
ROOI PLEIN
KGB
J.H. NEETHLING
MONICA
JOUBERT
BRANDWEER
VERKEERSDEPT.
SMUTS
ADMIN. A
ADMIN. B
WILGENHOF
EDRICH
RICHARD'S
DE CAMERON
WELGEVALLEN-PROEFPLAAS
R.W. WILCOCKS
LOOPBAANONDERWYS
KAMER VAN MYNWESE
VAN RYNEVELD
BANHOEK
STUDENTE-KERK
SWOT
LIZBITS
FINLAYS
D'OUWE WERF
HERLINE'S
KERKSTR
IMPORTERS
DORPSTR.
JAN CATS
STAPSAAL
PLEIN
G.G. CILLIÉ
CROZIERHOF
JOERNALISTIEK
B.J. VORSTER
H.B. THOM TEATER
GESINSBEPL. KLINIEK
MAVERIC'S
VAN SCHAIK
PARKERING
HAUM
JULIANS
PORTOFINOS
TRUSTBANKSENTRUM
RALPH'S
SPUR
KANTOOR
POS
KING ARTHER'S
GYM
HOTEL
KOVEN
CINE 1,2,3,4
PIZZA
US KUNSGALERY
SKOOL
OK-GEBOU
PIET RETIEF
HELDERBERG
KWIK-SPAR
CAMELOT
LE CAMELEON
BOBBY MCGEE'S
DIE AKKER
STRAND
MARKOTTER
SKOOL
STASIE EN LUGHAWE
POLISIE
DROSDY SENTRUM
DIE BRAAK
LEGENDS
BIRD
STAD VIA N1
PARKERING
MAMMA ROMA
YANGTZE
PALERMO'S
UPSTAIRS
VAN CILLIERS
N
S

# Don't steer clear of Steers

By NADINE FOURIE

AS I was stranded in Stellenbosch for most of the December holidays, I did what most people in similar situations do – eat. I became a frequent visitor of most of the town's restaurants, and by the end of the two months I was sure that nothing Stellenbosch had to offer, culinarily speaking, could surprise me. I was wrong. Because when the up and coming Brandon Lourens of Steers Restaurant and his two trendy restaurant managers, Manuel and Liezl, treated me to dinner, I was pleasantly surprised.

Expecting the type of fast food to which students have grown accustomed (i.e. where the cardboard box tastes better than the food itself), I found the food to be absolutely delicious and of a quality comparable to any top restaurant. And no wonder, for not only is Mr Lourens a trained hotelier and a caterer who held top positions at Southern Sun, Sun International and most recently Sun City, but he also has a highly trained professional team who take their work and their commitment to service excellence and high quality seriously.

The fact that Steers is run by this group of enthusiastic, young businesspeople gives the restaurant an upbeat vibe not found in any other restaurant of its sort in town. Actually, their reputation streches far beyond the boundaries of Stellenbosch as they have been chosen as one of top two Steers restaurants in the Western Cape since their opening one and a half years ago.

In the words of the owner: "At Steers we believe that the bitterness of poor quality lingers on long after the sweetness of cheap prices are forgotten."

And it is clear that he also practises this belief, for not only is the food of a high quality, the prices low and the chips the best in town, but you also feel comfortable in the clean environment, with good music and very friendly service adding the finishing touches. All these elements combine to make Steers definitely one of the best scoops this year.

They cater exclusively for the needs of the student body by offering tremendous cut-price student specials every month, beginning in February. So watch *Die Matie* for further details, and keep your eyes open in the residences for the great deals they are planning this year.

# MATIE MOVIES MATIE MOVIES







**WHISPERS IN THE DARK ★★★★**

'n Psigologiese riller met 'n whodunnit-tema. Psigiater (Jill Clayburgh) se een pasient word vermoor aangetref en die vermoede ontstaan dat een van haar ander pasiente, 'n sadistiese seksmaniak, die skuldige is. Soos sy met meer mans betrokke raak, kom hulle almal ook onder verdenking. Definitief die geld werd.

**STAY TUNED ★★★**

Hierdie film beveel ek slegs aan vir mense wat Mad Magazine en Wayne's World geniet. John Ritter is 'n verveelde TV-verslaafde wat die geleentheid van sy lewe kry om 'n TV met 666 kanale te besit. Al vangplek is dat die TV hom via die satellietskottel insuig en hy (en sy vrou) 24 uur het om te oorleef. Hulle verander onder andere in muise en speel rolle in programme wat satiriese weergawes is van bekende films en TV-reekse (Driving miss Daisy word Driving over miss Daisy ens.)

**A FEW GOOD MEN ★★★**

'n Outydse hofdrama met uitstekende toneelspel. 'n Jong advokaat, vertolk deur Tom Cruise, en 'n ambisieuse vlootoffisier, gespeel deur Demi Moore, poog om te bewys dat die dood van 'n "Marine" die gevolg is van 'n bevel van kolonel Jessep (Jack Nicholson), 'n sogenaamde Code Red. Behalwe vir die einde wat 'n effense anti-klimaks is, is die storielyn baie goed en toon die film wat die gevolg van mag soms is én dat bevele nie altyd gehoorsaam behoort te word nie.

**GAS, FOOD LODGING ★★★★**

'n Boeiende menslike drama oor drie vroue in die woestynagtige New Mexico. 'n Ma (Brooke Adams) maak 'n sukkelbestaan as kelnerin nadat haar man haar jare vantevore met haar twee dogters agtergelaat het. Haar rebelse oudste dogter (Ione Skye) probeer naarstiglik om 'n man te vind wat nie net haar liggaam wil gebruik nie, terwyl die jongste dogter (Fairuza Balk) wat as verteller optree, probeer om haar familie te herstel deur 'n man vir haar ma te soek. 'n Film wat empatie by selfs die gehardste kyker sal ontlok.

**PRELUDE TO A KISS ★★**

'n Vermaaklike film wat nie heeltemal oortuig nie. 'n Paartjie (Alec Borshaar Baldwin en Meg Ryan) raak halsoorkop verlief, maar by hul troue vra 'n vreemde ou man om die bruid te soen en op 'n onverklaarbare wyse word hul persoonlikhede omgeruil. Dit neem die res van die film om weer die regte gees by die regte liggaam te kry. Die fantasie-element is nie deurgewerk genoeg om die kyker van die storielyn te oortuig nie, maar dialoog is skerp en veral Meg Ryan is te cute vir woorde.

**THE LOVER ★★**

Goed-gefotografeerde film wat nie gestand doen aan die hype wat dit voorafgegaan het nie. Die plot is taamlik eenvoudig: 'n jong Franse skoolmeisie het 'n passievolle affair met 'n Chinese man met 'n Chinese verloofde. Die akteurs is pragtig en die spel is nie te bad nie, maar die film is taamlik uitgerek en die veelbesproke sekstonele nie besonder eroties nie.

**CAPTAIN RON ★★**

Avontuur-komedie met min hoogtepunte. Martin (Martin Short) erf 'n stokou seiljag en beplan dan 'n spontane seereis. Die beplande spontaniëteit ly egter skipbreuk sodra die gehuurde kaptein, Eenoog Ron (Kurt Russel), by hulle aansluit. Heel kykbare film vir diegene wat verveeld is.

**DRACULA ★★★★**

Heel gepas, 'n film soos knoffel: vreeslik lekker vir die wat daarvan hou, aaklig andersins. In ieder geval bly dit jou by lank nadat jy al eintlik daarvan wou vergeet het. 'n Tipe gotiese nagmerrie, maar nie die soort wat jou laat wakkerskrik in jou bed nie; eerder die soort wat jou die volgende oggend effe onrustig laat voel. Indrukwekkende spesiale effekte en gepaste, donker musiek skep deurentyds die gevoel dat alles in iemand se slaap plaasvind. Coppola hou gelukkig deurgaans by die oorspronklike verhaal, maar dit bly vermaaklik al weet jy wat uiteindelik gaan gebeur. Dis veral aanskoulik om te sien hoe Winona Ryder verander van 'n onskuldige meisietjie (wat skelmpies erotiese tekeninge uit die Arabiese Nagte beloer) in 'n afgemete vrou wat sonder aarseling die graaf se kop met 'n swaard sal afkap. Moenie 'n Freddy Krueger of 'n Jason Takes Transylvania van Die Graaf verwag nie: hy is 'n baie menslike monster wat deur ander mense se wreedhede gedwing is om iets te word wat so af en toe sy slagtande moet wys.

**THE BODYGUARD ★★★**

Kevin Costner speel die rol van 'n lyfwag. Hy het egter 'n paar nodig om uit 'n bekende sangeres(Whitney Houston) se amoreuse kloue te bly. Sy soek hom, hy soek die moordenaar en die moordenaar is agter haar aan. 'n Heel interessante (indien nie geykte) idee met die nodige skop, skiet en seks om goeie vermaak te verseker.

**MAN TROUBLE ★**

Die een ster wat ek toeken is bloot omdat films nie nul sterre toegeken kan word nie (resesente het ook reëls). Definitief goeie kompetisie vir Klaasvakie.

**BETTY BLUE ★★★★**

Dis 'n weird, sad fliek, met mal mense wat mens nog steeds kan glo en liefde wat so eg en so gewelddadig is dat mens op een slag wil huil vir die intensiteit en die (jammer van die cliché) verskeurende passie daarvan. Dit het ook 'n storie, eintlik 'n bietjie onrealisties maar nog steeds heeltemal geloofbaar aangebied. Gaan kyk dit. Dit is 'n komedie en 'n verskriklike tragedie wat beide met afstand en vreeslik involved aangebied word.

DE VOS REINAERT
SPYS & DRANK
(H/v Hofmeyr- en Macdonaldstraat, oorkant Minerva)

WELKOM ALLE NUWE MATIES!

- VARSBEREIDE KITSGEREGTE
- SLAAIE EN GESONDHEIDSBROODJIES MET VERSKILLENDE VULSELS
- YSKOUE KOELDRANK EN WARM FILTERKOFFIE
- PIZZAS (vanaf 17:00)
- GEKOOKTE MIDDAGETES: Weeksdae 12:00 – 14:00 (Verkieslik besprekings - R7,50; R500 per semester)

Vriendelikheid en gehalte teen bekostigbare pryse:

Bespreek u spysenieringsbehoeftes met Yvonne Smith of Danie Kritzinger.

Tel. 4184

AQUA ENERGY

LEIERS IN DUIK- EN BRANDERRYTOERUSTING

Verskaf ook gemakdrag van bekende verskaffers soos BILLABONG INSTINCT

Ook beskikbaar beursies, hoedjies, sakke ens.

BESOEK ONS VIR DIE BESTE PRYSE OP DIE AKKER

Ryneveldstraat 36 ☎ 6187

Rory's CAFE
Ryneveld Street. Opposite Hombre

WE STAY OPEN TILL LATE

★ DELICIOUS 100% BEEF BURGERS
★ REAL 60's MILKSHAKES
★ NON-STOP MUSIC


Ons verkoop ook vars melk, sigarette, koeldrank, sjokolade, vrugtesap ens.

Weet jy iets wat ons moet weet?
Bel Die Matie by 72332 of 5979

GREEN SLEEVES

◊ Antiques & Bric – a – Brac
◊ Vintage Clothing
◊ Jewellery

Mon – Fri – 09:00 to 17:00
Sat – 9:00 to 13:00
Tel: (02231) 98374



# KAMPUSMENINGS

Deur SYBRANDUS ADEMA, MARIUS DE JAGER en MARELIZE GÖRGENS


Foto's: PIETER MALAN



HENRIËTTE CONRADIE



CLORENTIA PRETORIUS



JEANNÈ MOOLMAN




ROLAND HIEMSTRA



COLIN KOEN



CHRISTIAAN BEKKER



ANLENÉ TALJAARD




LOUISE CLOETE



CHRIS GERBER

## Wat is vir jou tot dusver die lekkerste en die slegste van kampuslewe?

**LEKKERSTE:**

**Louise Cloete**
Die nuwe mense wat ek ontmoet.

**Frank Aldridge**
Windhoek bier.

**Clara Lamprecht**
Alles wat nuut is.

**Madelein Geldenhuys**
Ons ditte-drag en die ou van Helshoogte se HK is die lekkerste.

**Chris Gerber**
Die baie mense wat ek ontmoet en skakeling met dameskoshuise.

**Colin Koen**
Ek is in Huis Visser. Die eerstejaars is werklik deel van mekaar en ons, al is daar net 29 eerstejaars, sien kans vir al wat 'n groot koshuis is.

**Stephen du Preez**
Lekkerste? Simonsberg!

**Christiaan Bekker**
Dis lekker om te leer om 'n ware Dagbreker te wees. Reël nr. 4: 'n Dagbreker praat nooit uit nie.

**Ray Davidson**
Al die entoesiasme.

**Marga Bezuidenhout**
De Akker.

**Ian Bergh**
Yang Tze se bierspecial, maar die vet chicks is baie sleg.

**Jacques Saayman**
Ons het 'n opwindende fight met Simonsberg gehad. Hulle het ons aangeval en ons het onsself verdedig.

**Anlené Taljaard**
Die HK en die doop.

**Jeanné Moolman**
Die scenery is baie mooi.

**Andrew Harris**
Chasing the guys from the other res's and trying to steal their umbrellas. And becoming a Simonsberger.

**Ludfia Davids, Eleanor Groenewald en Clorentia Pretorius**
Die swemmery was die lekkerste.

**SLEGSTE:**

**Barbara Elshowe**
Being treated as if we are schoolchildren.

**Colin Maree**
Die feit dat ek nie weet wat volgende gaan gebeur nie.

**Henriëtte Conradie**
Ek voel soms beperk omdat ons sekere goed op sekere tye moet doen. Amper soos by die huis.

**Davina Rossouw**
Toe Majuba by ons kom eet het - ek het weggestap.

**Jean Strydom**
Kos is baie sleg, maar die gees en son is nice.

**Carla Fourie**
Oriëntasie. **Jenny Monk**
Ek verlang huis toe; tog is die gees en die spontaneïteit baie lekker.

**Howard Pyoos**
Lang ure van oriëntasie is sleg, maar die girls is baie lekker.

**Lizette van Zyl**
Al die papiere wat ek moet invul.

**Hilary Kyle**
Nothing was bad, everything was nice.

**Roland Hiemstra**
Standing in the sun was the worst.

**Schalk Cloete**
Ek weet nie. Ek kan nie sê.

**Karin Punt**
Ek weet nie. Alles was nog baie lekker tot dusver.



COLIN MAREE



MADELEIN GELDENHUYS



CLARA LAMPRECHT



LUDFIA DAVIDS



SCHALK CLOETE

Daar is net een ding
wat erger is as om oor
gepraat te word,
en dit is om nie oor
gepraat te word nie

SR 93

# Veilige seks maklik te kry

**Daar is min dinge wat enigeen se lewe so kan ontwrig as 'n ongewenste swangerskap. Op Stellenbosch is daar verskeie instansies waar studente om gratis voorbehoedmiddels kan aanklop. PHILLIPPA BARNARD het gaan uitvind.**

ANDERS as wat baie studente besef, is voorbehoedmiddels en raad oor die gebruik daarvan vryelik op Stellenbosch beskikbaar, mits studente weet waar om te gaan aanklop.

Seks, geslagsomgang, liefde maak, saamslaap, noem dit wat jy wil. Dit is moontlik vir studente wat seksueel aktief is om sonder die swaard van 'n swangerskap of Vigs oor hulle koppe te lewe.

## Studentedokters

Die studentegesondheidsdiens (SGD) (tel 773496) is 'n mediese diens wat deur die universiteit voorsien word. Die spreekkamers is tussen Nerina en Heemstede geleë. Hier is opgeleide mediese personeel wat studente onder andere kan help met raad oor seksualiteit en voorbehoedmiddels. Hoewel ander dienste nie gratis is nie, is alle gesinsbeplanning verniet beskikbaar.

Om 'n dokter te spreek oor voorbehoedmiddels moet 'n student net 'n gewone afspraak maak. Dit is nie nodig om met die maak van die afspraak te sê hoekom jy die dokter wil sien nie. Tydens die konsultasie sal die dokter raad gee oor watter voorbehoedmiddels beskikbaar is, en wat die newe-effekte daarvan is. Alles is heeltemal vertroulik.

Voorbehoedmiddels word gratis aan studente gegee. Daar is verskeie soorte beskikbaar: die Pil, die inspuiting, kondome, voorbehoedingsrome en die intra-uterinêre apparate.

Die noodvoorbehoedmiddel, die "morning after" pil, is ook by die kliniek beskikbaar. Hierdie pil kan tot 72 uur na onbeskermde omgang gebruik word om 'n swangerskap te voorkom, maar hoe vroeër dit geneem word, hoe beter. Dit is 96 tot 99 persent effektief. Vroue word na die gebruik van hierdie pil aangeraai om 'n ander voorbehoedmiddel te gebruik.

As iemand die "morning after" pil op 'n Saterdagoggend nodig sou hê, is dit by Eikestadapteek in Pleinstraat beskikbaar. Hier is apteker Linda Eggert is gemagtig om die pil te verkoop. Daar sal dan 'n minimale hanteringsfooi gehef word.

Die SGD doen ook roetine ginekologiese ondersoeke teen 'n gewone konsultasiefooi, wat tans R34,10 beloop. Verdere dienste wat met seksualiteit verband hou, is Papsmere en swangerskaptoetse. ('n Papsmeer is 'n pynlose roetine-ondersoek. Daar word 'n selontleding van die baarmoedermond en die vagina gemaak, en dit word gebruik om moontlike kanker en inveksies te diagnoseer.)

As 'n vrou so 'n Papsmeer wil laat doen, moet daar 'n konsultasiefooi betaal word. Verder moet die student ook vir die patologiese selontleding daarvan betaal. Dit kos ongeveer R30. Swangerskaptoetse kan teen ongeveer R10 gedoen word. Om vertroulikheid te bevorder, kan die pasiënt self kies wie die rekening moet ontvang.




Die SGD is op alle weeksdae van 08h00 tot 12h45 en van 13h45 tot 16h30 oop. Alle studente is welkom om dan na die diens te gaan.

Die SGD, in samewerking met Sosius, bied ook programme aan om studente oor seksualiteit in te lig. Volgens dr Francois Malan van die SGD is hierdie 'n belangrike funksie, aangesien studente nie so goed ingelig is as wat hulle self graag glo nie.

Ten spyte daarvan was die bywoning van hierdie praatjies in die verlede swak. Die organisasie van sulke praatjies word ook somtyds bemoeilik aangesien sprekers slegs op sekere tye in koshuise toegelaat word.

## Victoriastraat

Nogtans is daar weer vir vanjaar praatjies oor seksualiteit geörganiseer. Van 15 to 18 Februarie gaan dr Etienne Kok, 'n mediese dokter wat spesialiseer in seksiologie, beide mans- en vrouekoshuise toespreek.

Benewens die SGD is daar ook die Jeugkliniek en die Victoriastraatkliniek wat gratis voorbehoedmiddels en raad oor seksualiteit aanbied.

Die Victoriastraatkliniek (832111 x 336) is oorkant die HB Thomteater en langs Maveric's. Die diens is vir die hele gemeenskap van Stellenbosch, en studente is meer as welkom. Almal wat voorbehoedmiddels of ander raad oor seksualiteit nodig het, kan na die kliniek kom. Alle inligting word heeltemal vertroulik behandel.

Die kliniek is op Maandae, Woensdae, en Donderdae van 8h30 tot 15h15 oop en afsprake is nie nodig nie.Op Dinsdae en Vrydae is die kliniek nie beskikbaar vir studente nie.

Die klinieke verskaf enige inligting wat oor seksualiteit handel: gesinsbeplanning, seksueel-oordraagbare siektes, maatskaplike dienste, swangerskappe, voorligtingprogramme, en Papsmere. Enige hoeveelheid kondome is ook heeltemal vryelik en anoniem beskikbaar.

Alle dienste, ook Papsmere, word gratis aangebied. Indien daar vir 'n swangerskap getoets word, moet die vrou self die toets verskaf. Dit is teen R14-R15 by apteke beskikbaar. Die kliniek sal die toets gratis uitvoer.

Die idee is om swangerskappe te verhoed, maar indien 'n vrou wel swanger raak, sal die kliniek sorg dat sy maatskaplike hulp en sielkundige voorbereiding kry.

Suster Anna Wium van die kliniek beklemtoon dat almal meer as welkom is. Dit is nie 'n skande om na die kliniek toe te gaan nie, en die persoon wat jou gaan help, gaan niks sleg van jou dink nie. Volgens Suster Wium is dit hulle werk om te gee, en hulle doen dit met oorgawe.

## Jeugkliniek

Die derde plek waar 'n vrou voorbehoedmiddels kan kry, is by die Jeugkliniek in Merrimanlaan, oorkant Simonsberg (70011). Ongeveer driekwart van hul pasiënte is studente. Die kliniek is Maandae van 08h00 tot 16h00 oop, en Dinsdae en Woensdae van 13h00 tot 16h00. Op daardie dae is geen afsprake nodig nie. Op Donderdae is die diens nie beskikbaar nie. Vrydae word Papsmere volgens afsprake gedoen.

Die Jeugkliniek bedien almal tussen die ouderdom van tien tot vier-en-twintig. Al hulle dienste is gratis. Daar is raad oor gesinsbeplanning, voorbehoedmiddels, swangerskappe, verwysings na sielkundiges, smere, en ook maatskaplike dienste. Die kliniek waarborg die vertroulikheid van hulle pasiënte.

Om seksueel aktief te wees is 'n besluit met verreikende gevolge en moet dus met verantwoordelikheid en voldoende inligting hanteer word. Inligting en dienste is deurentyd vertroulik en gratis beskikbaar.

1 UUR ONTWIKKELING & AFDRUK

FOTO IMAGE

Winkel 2
De Wetsentrum
Stellenbosch
Tel. 4471

NUUT

ID FOTO'S
KLEUR R7,95
OF
SWART & WIT R10,00

LAAT ONS JOU HERINNERINGE MET SORG ONTWIKKEL

* WYE KEUSE VAN KLEURFILMS
* DESKUNDIGE DIENS MET DIE NUUTSTE TOERUSTING
* BESTE KWALITEIT
* VIDEOKASSETTE EN BENODIGDHEDE AL TYD IN VOORRAAD

# Duisende vir Buddy-projek geskenk

Deur **MARELIZE GÖRGENS**

BUDDY, 'n unieke anti-drink-en-bestuur veldtog wat deur studente bedryf word om mede-studente te beskerm, se 1993 veldtog het Maandag met 'n loodsingsfunksie in Seepunt afgeskop.

By die geleentheid is 'n bedrag van R2500 aan Lana Willemse, projekleier van die 1993 Buddy-veldtog in Stellenbosch, oorhandig. Daar is ook aan UCT se Buddy-koördineerders oorhandig.

Plakkate en brosjures wat spesifiek vir die projek ontwerp is, is ook tydens die geleentheid aan beide universiteite oorhandig. Die Nasionale Verkeersveiligheidraad (NVVR) borg alle deelnemende universiteite om sodoende soveel as moontlik studente te bereik.

Al die universiteite wat deelneemse Karnavalkomitees sal elk hulle eie veldtog beplan, organiseer, implementeer en evalueer met die oog op 'n positiewe houdingsverandering ten opsigte van drink en bestuur.

Verder neem elke Karnavalkomitee jaarliks deel aan die Nasionale Buddy-kompeitise waar die drie beste veldtogte gekies word. Die 1992 wenner was die universiteit van Natal. In die tweede plek was die Universiteit van Pretoria. Hierdie kompetisies spoor die komitees aan om nuwe idees vir die sukses van Buddy uit te dink.

"Die oogmerk is om die studentegemeenskap in staat te stel om 'n lewenswyse vry van botsings wat deur dronkbestuur veroorsaak is, te skep," het mnr Gary May, direkteur van Sosiale Aspekte van Alkoholkomitee (Saak) gesê.

Volgens mnr May is die noodsaaklike elemente van die Buddy-veldtog objektiwiteit, praktiese uitvoerbaarheid en dan, belangrikste van alles, die feit dat dit nie-moraliserend en nie-paternalisties is.

Die Buddy-projek is uniek en daar is geen soortgelyke projekte in die wêreld nie. Nogtans was die projek in Suid-Afrika so 'n groot sukses dat dit na sewe jaar nog steeds uitbrei.

Nogtans sê mnr May dat daar na lang bespreking besluit is om die veldtog nie na die breër gemeenskap uit te brei nie. Die veldtog is uniek aan die studentegemeenskap, aangesien dit nie fokus op die voorkoming van drankmisbruik, óf die ingewikkelde detail van verkeersveiligheid nie.

Dit is eenvoudig 'n projek waar daar altyd tussen 'n groep plesierige studente een is wat wel verantwoordelikheid aanvaar. Tog baat die hele samelewing baat by die projek: die publiek word nie in gevaar gestel deur studente wat onder die invloed van drank bestuur nie.

Die veldtog word deur Nasionale Joolorganisasie, in vennootskap met Saak (wat die SAB, KWV, en KWSI verteenwoordig), en die direktoraat Verkeersveiligheid (DVV) gekoördineer.

Volgens Lana Willemse het Stellenbosch se karnavalkomitee 'n tweeledige benadering: bewusmaking en betrokkenheid. Hulle probeer nie om studente se karnavalpret te bederf nie; die Buddy-projek se doel is net om studente bedag te maak op die gevare van dronkbestuur.

Deur die veldtog wil hulle studente aanmoedig om mede-partytjiegangers wat 'n gevaar vir ander se veiligheid kan wees, eerder met alternatiewe vervoer by die huis te kry.

Die Buddy-veldtog behels verskeie projekte dwarsdeur die jaar. Voorbeelde van projekaktiwiteite wat vorige jare gebruik is om 'n praktiese, werkende veiligheidsnetwerk vir studente te skep is Buddy-busse, skynbotsings en alkoholasemtoetse by bierfeeste.


Tydens Karnaval en Intervarsity word busse gereël om die studente na en van tradisionele suipgate te vervoer. Die diens word met die hulp van die skenking van die NVVR aangebied. Sodoende kan studente soveel as wat hulle wil kuier, met die volgende dag se hoofpyn as hulle grootste bekommernis.

Die Buddy-projek skryf nie aan studente voor hoe hulle moet optree nie. Hulle neem slegs die realiteit in ag, en kry dan oplossings vir probleme wat moontlik mag ontstaan.

Volgens mnr May is dit nie ten alle tye maklik om 'n buddy te wees nie. Aan die een hand moet 'n persoon kan erken dat hy of sy te veel te drinke gehad het en 'n student moet baie eerlik met hom- of haarself wees. So min as twee drankies kan 'n mens se oordeelvermoë op die pad ernstig beïnvloed.

Die persoon wat verantwoordelik is en aanbied om aan 'n dronk student slaapplek of alternatiewe vervoer te verskaf, kan ook dikwels skerp gekritiseer word. Mense wat te veel te drinke gehad het, tree dikwels onredelik op.

Mnr May het verder gesê dat hoewel hulle nie kan bepaal hoeveel studente se lewens al gered en ernstige beserings al deur die Buddy-veldtog voorkom is nie, hulle tog oortuig is dat die veldtog 'n groot sukses is. Die entosiasme van die deelnemende universiteite en die projekte wat deur hulle onderneem het, is voldoende bewys hiervoor. Dit kan as voorbeeld vir die res van die gemeenskap dien.




**Tydens die bekendstelling van die 1993 Buddy-veldtog is 'n bedrag van R2 500 aan verteenwoordigers van verskeie Suid-Afrikaanse universiteite oorhandig. Hier onder is Rob Patrick van die Universiteit van Kaapstad, een van die koördineerders van die Buddy-veldtog.**


DIE MATIE SE SPORTWINKEL

BOLAND SPORTS



DE WETSENTRUM
(naby Spur & Marcel's)
STELLENBOSCH
TEL. (02231) 4794




DIE GROOTSTE IN STELLENBOSCH



LEER
Tradisionele Okinawase
Goju Ryu Karate
BY BAKKIES LAUBSCHER



6de Dan, voormalige Springbok met 'n B-graad in *LO* en 'n *HOD*, wat reeds sedert 1967 in Stellenbosch-omgewing klasse aanbied vir beginners en gevorderde lede slegs vanaf skoolgaande ouderdom.
**Vir inligting, skakel (021) 4068 of Faks (021) 903-1778**

Klasse te Coetzenburg


# AANSOEKE WORD TANS INGEWAG VIR DIE VOLGENDE POSTE:

**Bestuurshoof:** verantwoordelik vir die finansiële bestuur en deurlopende bedryf van die koerant.
**Advertensiebestuurder:** verantwoordelik vir die werwing en administrasie van advertensies vir die koerant. Word besoldig op kommissiebasis. Assistente word ook benodig.
**Briewe-en-Meningsredakteur**
**Subredakteur: Nuus**
**Subredakteur: Interkampus**
**Verslaggewers: Nuus, Aktueel, Kuns-en-Vermaak, Sport, Interkampus en Briewe-en-Menings**

Die Matie bied aan jou die geleentheid om in voeling te bly met kampusgebeure, jou skryfvaardigheid te ontwikkel en 'n wye verskeidenheid mense te ontmoet. Eerstejaars is veral welkom om by die redaksie aan te sluit. Vorige joernalistieke ervaring is verkieslik maar nie noodsaaklik nie.

Aansoekvorms is beskikbaar by die SR-kantoor en moet voor Maandag 22 Februarie ingehandig word.



Lieflike weer het daarvoor gesorg dat Dinsdag se swemgala vir eerstejaars ewe veel deur die deelnemers as deur die toeskouers geniet is. In sommige gevalle was dit selfs onduidelik wie toeskouers en wie deelnemers was. Foto: PIETER MALAN

# Eerstejaarswem in én uit die bad baie opwindend

Deur JEAN NORTJE

DIE eerstejaar-swemgala het Dinsdag in puik sonskynweer plaasgevind, en is gekenmerk deur die tradisionele sielkundige magspel tussen die eerstejaars in die onderskeie koshuise: daar is gesing, geskreeu, van die duikplanke afgespring en tog ook 'n bietjie geswem.

Simonsberg se Simon Martins het belowend in die swembad gelyk totdat sy koshuis gediskwalifiseer is omdat die eerstejaars almal in die swembad gespring het terwyl die gala aan die gang was. Hy het egter die mans individuele wisselslag maklik gewen.

Renier Botha van Libertas het baie goed geswem om die 100 m vryslag te wen. Die drie top manskoshuise was Dagbreek (eerste met 137 punte), Helshoogte (tweede met 105 punte) en Eendrag (derde met 97 punte).

Wat die vrouekoshuise se swemmers betref was daar ook maar weinig om oor opgewonde te raak. Williams van Minerva, 'n voormalige provinsiale swemmer, het drie items gewen, naamlik die 100 meter rugslag (in 'n tyd van 1m 14.79s), individuele wisselslag (1m 43.89s) en die 66 meter vlinderslag (46.84s). In laasgenoemde item het sy daarin geslaag om tien sekondes voor haar naaste teenstaander te eindig.

S. McIntyre van Erica het ook goed geswem en in vier items onder die eerste drie geëindig. Die finale uitslag vir die vrouekoshuise was as volg: Nemesia (eerste met 192 punte), Minerva (tweede met 91 punte) en Erica (derde met 86 punte).

# Groter diepte in swembad laat Libertas bo uitkom

Deur BENITA CAROLUS

LIBERTAS het gister op 'n winderige Coetzenburg in die finaal van die waterpolotoernooi vir eerstejaars daarin geslaag om Wilgenhof met vier doele teen een te klop.

Koshuise is goed verteenwoordig by die toernooi, wat in die buiteswembad plaasgevind het, en die standaard van die watertpolo was glad nie sleg nie.

Nadat die spanne die wedstryde elk op 'n rondomtaliebasis uitgespook het, het Wilgenhof en Libertas die finaal gehaal.

Tas se Nick Daniël en Grant Chaplyn het met puik algehele spel in die rondomtalie-afdeling daarvoor gesorg dat hierdie privaatwyk die finaal kon haal.

Willows se waterpolospan het nie oor Tas se diepte beskik nie. Hulle het hoofsaaklik op Gerald Kennealy en John Seymour staat gemaak om hul span in die finaal te kry.

In die finaal het Libertas se Andrew Watts in die eerste halfminuut sy span se eerste doel aangeteken. Robert Barrett het net hierna nog 'n puik doel behaal om aan Tas 'n 2-0 voorsprong te gee.

Gerald Kennealy het egter ander planne gehad, en het net voor die einde van die eerste helfte 'n briljante doel geskiet.

Met die telling op 2-1 aan die begin van die tweede helfte kon enige span nog hierdie naelbyter wen.

Libertas se Andrew Watts, wat deurentyd gevaarlik op die aanval en solied op die verdediging gelyk het, het sy klas in die swembad getoon met 'n verdere twee doele in die tweede helfte om sy span binne bereik van 'n oorwinning te plaas.

Willows het 'n troosprys ontvang toe Seymour 'n laaste doel geskiet het net voor die eindfluitjie.

Libertas wen dus vanjaar se eerstejaarstoernooi met vier doele teenoor twee. Vir Libertas is doele aangeteken deur Andrew Watts (3) en Robert Barrett (1). Kennealy en Seymour het elkeen een doel vir Wilgenhof behaal.

# Maties puik by WP-swem

Deur MARIUS DE JAGER

DIE swemmers van die US se swemklub het 'n puik vertoning gelewer by die WP-kampioenskappe wat vanaf 18 tot 23 Januarie plaasgevind het.

Die Springbokswemmer Marianne Kriel het veral uitgestaan, aangesien sy met vier titels weggestap het, naamlik in die 50 m en 100 m vryslag, die 100 m vlinderslag en die 100 m rugslag. Sy het ook onder andere 'n nuwe WP-rekord opgestel het in die individuele wisselslag met 'n tyd van 2 m 24,39 s.

Nog 'n swemmer wat goed vertoon het is Brenda Webb wat die 100 m borsslag in 1 m 16s afgelê het en die 200 m borsslag gemaklik gewen het met 'n tyd van 2 m 45 s.

Die vroue ope-span het hulle goed van hulle taak gekwyt in die aflositems, deur die 4x50 m vryslag, die 4x100 m vryslag asook die 4x100 m individuele wisselslag in rekordtye te wen. Die span het bestaan uit Riana de Jager, Nicky Kirsten, Marianne Kriel en Lucy Saunders.

Marianne en Pierre is aan die einde van die kampioenskappe onderskeidelik as Victrix en Victor Lodorum aangewys.


LEOTANA

BUITELEWE OUTDOOR

STUDENTE!






LEOTANA IS DIE GROOTSTE PLAASLIKE VERSKAFFERS VAN:

★ STAP- EN KAMPEERTOERUSTING
★ SNORKELDUIK- ASOOK SCUBA- TOERUSTING
★ WATERSPORTE SOOS WINDSURFERS, PADDLESKI'S EN BOOGEYBOARDS

ADDISIONELE 10% AFSLAG OP ONS REEKS DAGSAKKE VIR KLASDRAF BY AANBIEDING VAN DIÉ ADVERTENSIE

DIENSTE:
ONS VERHUUR RUGSAKKE EN TENTE TEEN DIE BILLIKSTE TARIEWE
HERSTEL VAN RUGSAKKE, TENTE EN DUIKPAKKE

TOERE:
ORANJERIVIER:
Vorm 'n groep van 8-12 en kontak ons vir die billikste 4 dae-toer waar jy die Knersvlakte in al sy glorie kan ervaar




DORINGRIVIER
Ten volle georganiseerde witwatertoere vir die meer avontuurlustiges. Breek weg vir 'n naweek van opwinding. Slegs einde Junie tot middel-September.

*Geniet die Ligte Amerikaner...*
*...met smaak!*

VRA VIR

# JOHN ROLFE LIGHTS




*Geniet John Rolfe Lights vandag*

*Ligte Smaakvolle Tabak*

EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. In Suid-Afrika vervaardig.

JRM 00838AU